OPTREDE DEUR:

'ERWELKOMING

Die Voorsitter heet die aanwesiges welkom. Minister Steyn en mnr Mills woon die vergadering by vir die behandeling van agenda-items 4 en 5.

2. AGENDA-ITEM 1 : NOTULE NR SVR 10/80

Die notule van die vergadering van 26 Mei 1980 word goedgekeur en deur die Voorsitter onderteken.

3. AGENDA-ITEM 2 : SAKE VOORTSPRUITEND

(a) ITEM 3(a) : ZIMBABWE - ERKENNING VAN SKULD

Die Voorsitter lees voor uit 'n mededeling wat van die Zimbabwe Gesamentlike Bestuursentrum (ZGBS) ontvang is oor opdragte wat die Zimbabwe-regering na verneem word aan die plaaslike radio- en televisie-dienste uitgereik het ten opsigte van verwysings onder meer na die RSA-regering. Dit dui op 'n vyandige houding en die saak word bespreek.

Minister R F Botha deel mee dat hy van sy verteenwoordiger in Salisbury 'n verslag ontvang het oor 'n gesprek met mnr Josua Nkomo wat daarop dui dat laasgenoemde diep onrustig oor die situasie is en graag wou weet wat die RSA se houding sou wees indien 'n burgeroorlog daar sou uitbreek. Mnr Nkomo is meegedeel dat die RSA neutraal staan. Voorts meld minister Botha dat dit duidelik is dat mnr Mugabe nie behoorlik beheer oor sy eie party het nie en dat selfs ministers uitsprake maak waarvan hy niks weet nie. Die radio-opdragte kom nie noodwendig van hom persoonlik nie. Dit klink na VN- of OAE- taalgebruik wat ook soms selfs uit Swaziland kom.

In hierdie verband deel dr Fourie mee dat mnr Nkomo laat vra het of hy iemand hierheen kan stuur om te kom praat.

Die Voorsitter sê dat die stryd in Rhodesië uit die stryd tussen Rusland en Sjina voortspruit. Minister R F Botha beaam dit en sê dat Rusland en Sjina omtrent ewe veel in Afrika spandeer. Behalwe die Tanzam-spoorlyn, hoor 'n mens nie veel van wat die Sjinese doen nie. Dit is meestal klandestien. Afrika is vir die Sjinese belangrik en hulle hoop dat 'n periode van ontnugtering met die Russe in Afrika gaan aanbreek wanneer die Russiese hulppogings in duie begin stort. disillusion

OPTREDE DEUR

Genl Geldenhuys deel mee dat die Zimbabwiese polisiehoof hier was. Hoewel mnr Nkomo eintlik sy baas is, ondersteun hy mnr Mugabe. Hy be= weer dat daar nie fout met mnr Mugabe is nie, maar dat hy verkeerd aangehaal word. Hy ver= wag ook moeilikheid tussen die twee Zimbabwe-leiers.

Minister R F Botha sê dat, indien burgeroorlog tussen die Matabeles en Shonas uitbreek, dit nie noodwendig teen die RSA se belange sal wees nie. Die Blankes sal dan natuurlik die RSA binne= stroom wat nie op sigself sleg is nie. So 'n burgeroorlog sal die spanning tussen Sjina en Rusland in die internasionale politiek verhoog en die druk op die RSA verlig. Hy verwag nie dat die groot moonthede sal ingryp nie. Die vraag is, waar staan die RSA in so 'n stryd. Tussen mnre Mugabe en Nkomo is daar nie veel keuse nie.

Die Voorsitter versoek dat die Sekretariaat en die Werkkomitee 'n deeglike studie maak van hier= die vraagstuk sodat daar oor veertien dae met meer helderheid beraadslaag kan word. Hy wil die hele prent hê. — DIE SEK= RETARIAAT / DIE SEK= RETARIS

Dr Fourie verneem hoeveel gewig in die studie verleen moet word aan die R430 miljoen wat Zim= babwe die RSA verskuldig is.

Die Staatsveiligheidsraad is van mening dat, in= dien 'n burgeroorlog uitbreek, dit alles verlore is en dat die RSA dit sal moet afskryf.

Minister R F Botha waarsku dat die RSA nie on= kant betrap moet word in geval van 'n Blanke in= stroming uit Zimbabwe nie. Hy verwag ook Swart vlugtelinge.

Die Staatsveiligheidsraad besluit:

(i) dat die Sekretaris die SAUK op hoë vlak moet inlig oor die verwagte optrede; — DIE SEK= RETARIS

(ii) dat geen verdere maatreëls deur die RSA getref moet word om Zimbabwe te stabili= seer nie; — ALMAL

(iii) dat die RSA 'n neutrale houding ten opsigte van Zimbabwe se interne stryd moet in= neem en dat hy sy hande moet terughou en nie betrokke moet raak nie; en — ALMAL

(iv) dat die RSA gereed moet wees om vlugte= linge te ontvang. — DIE SEK= RETARIS